
## 162 Heil die dag wat Hy verrys




Hemelskare kom Hom loof, halleluja!
Hemelpoorte, hef jul hoof, halleluja!
Sondedood het Hy oorwin, halleluja!
Neem die erekoning in, halleluja!

Juig Hom toe met hemellied, halleluja!
Aarde kan Hy nooit vergeet, halleluja!
Op sy troon in heiligdom, halleluja!
Noem Hy ons sy eiendom, halleluja!

Kyk, Hy lig omhoog sy hand, halleluja!
Kyk, Hy wys die liefdepand, halleluja!
Hoor, sy lippe spreek en seën, halleluja!
Wat Hy aan sy Kerk verleen, halleluja!

Here, ver weg uit ons oog, halleluja!
Bo die bloue lug omhoog, halleluja!
Skenk ons harte om voortaan, halleluja!
U te volg bo son en maan, halleluja!

Charles Wesley (1707-1788) R. Williams (1781-1821)